

PRESIDENT ZUMA OPEN DIE N2 GATEWAY PROJEEK



Zuma verseker inwoners van Kaapstad dat die regering behuising sal lewer

“Iyeza nakuwe.” (Jou beurt sal kom). Dit is die versekering wat president Jacob Zuma die inwoners van Langa-township in Kaapstad tydens die amptelike opening van die N2 Gateway-behuisingsprojek gegee het.

Voordat hy die gemeenskap toegesprek het, het Zuma, vergesel van nasionale ministers en die waarnemende direkteur-generaal van die departement Menslike Nedersettings, vrae van inwoners wat gegrief was oor die pas van ontwikkeling in die gebied, beantwoord.

Gemeenskapsleier, Zithulele Ngesi, het gesê dat begunstigdes steeds wag om huise, waarvoor hulle baie jare gelede al aansoek gedoen het, te ontvang. “Daar is mense wat huise kry wat nie daarvoor kwalifiseer nie; daar word ander mense in huise geplaas wat vir ons bedoel is. Ons staan steeds vas by ons besluit dat ons nie na Delft verskuif sal word nie. Ons wil ons huise hier hê,” het Ngesi gesê.

Ander soos Vusi Madindi van die Sivukile Sonele, 'n niestaatsorganisasie wat in die gebied bedrywig is het gesê dat die behuisingsprojek 'n bron van konflik eerder as 'n geïntegreerde gemeenskap is. Hy het bygevoeg dat baie mense ongelukkig is oor die toewysingsproses en het 'n pleidooi tot die president gerig om die aangeleentheid te ondersoek.

Zuma het by die byeenkoms gesê dat die verskillende regeringsafdelings, insluitend die nasionale en provinsiale departemente en munisipaliteite, die verdoel wat gerig is, sal ondersoek. “Dit is belangrik dat ons kennis neem van julle besware en ek is bly dat julle hulle aangeroei het omdat ons as regering kan sien dat ons stadig, maar seker, vordering maak. Anders as voorheen waar almal huise wou hê, lig julle nou uit dat sommige gebiede huise het en ander geen huise het nie.

“Iyeza nakuwe. Wees geduldig. Ek verseker diegene wat steeds in agterplase bly dat hulle ook huise sal ontvang. Ons het nie van julle vergeet nie. Verandering is binnekort hier,” het die president gesê.

“Die regering is vol hoop dat hierdie tussenkomste drasties sal help om die bestaan van informele nedersettings, waar dit dikwels uiters moeilik is om noodsaaklike dienste soos gesondheid en onderwys te lewer, uit die weg te ruim. Soos die meeste megaprojekte sal die N2 Gateway aanvanklik verskeie haakplekke hê, waaronder 'n gebrek aan ooreenstemming oor die behuisingstipologieë wat gebou moet word en die gebrek aan ooreenstemming oor wie by die projek moet baat.”



OOS, WES, TUIS BES: President Jacob Zuma, Adjunk-Minister van Menslike Nedersettings Zou Kota-Fredericks vier saam met Nomakhosazana Nogunisa en haar seun, Unabantu, en die Wes-Kaapse Lid van die Uitvoerende Raad vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela, fees.



WAARDERING WORD GETOON: President Jacob Zuma groet een van die begunstigdes by die Joe Slovo-seksie in Langa tydens sy besoek aan die N2 Gateway-projek.

“Daar word egter dikwels gesê dat ondervinding 'n goeie leermeester is. Ons het uit ervaring geleer en ons hou aan om ons benadering en beleide te verfyn sodat daar verseker kan word dat ons goeie uitkomst bereik, en dat sodanige vinniger en binne 'n korter tydperk bereik kan word,” het Zuma gesê.

Die Adjunk-Minister van Menslike Nedersettings Zou Kota-Fredericks, Minister van Water en Sanitasie, Nomvula Mokonyane, en die Wes-Kaapse Lid van die Uitvoerende Raad vir Menslike Nedersettings, Bonginkosi Madikizela, het 'n gedenkplaat onthul by een van die bouterreine om die amptelike opening van die projek te gedenk.

Tot op hede is meer as 14 000 huise oorhandig. Die departement van Menslike Nedersettings sal teen 2019 nog 6 000 eenhede voltooi. Minister Lindiwe Sisulu hoop dat die oorblywende deel van die projek voor die einde van die huidige termyn voltooi sal wees. Minister Sisulu het die projek ongeveer 10 jaar gelede as deel van 'n gekoördineerde regeringstussenkoms van stapel gestuur om die tekort aan behuising in Kaapstad onder swart gemeenskappe aan te spreek. Meeste plakkershuise langs die N2-snelweg het sedert die projek begin het, plek gemaak vir woonstelblokke en ander soorte behuising in Joe Slovo in Langa, verskeie seksies van Delft asook in Gugulethu.

Vreugde wanneer gesinne nuwe huise as deel van die N2 Gateway-projek ontvang

Trane van geluk het gevloei op Donderdag 15 Oktober toe 'n paar gesinne gehoor het dat hulle van dié is wat nuwe huise gaan ontvang tydens president Jacob Zuma se besoek aan die N2 Gateway-behuisingsontwikkelingsprojek in Kaapstad.

Amptenare van die nasionale Departement van Menslike Nedersettings, waaronder die waarnemende direkteur-generaal, Mbulelo Tshangana, asook diegene van die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings, het Zuma na die oorhandigingseremonie vergesel. Die adjunk-minister vir Menslike Nedersettings, Zou Kota-Fredericks, was ook teenwoordig. Menslike Nedersettings minister, Lindiwe Sisulu, kon egter nie die verrigtinge bywoon nie omdat haar familie nog rou oor die dood van haar broer, Mlungisi Sisulu, wat verlede week oorlede is.

Van diegene wat in ekstase was oor die nuus dat hy na 'n nuwe huis gaan trek was Headman Dyantyi (70) wat vir baie jare in 'n informele huis in Joe Slovo gebly het. “Ek kan nie onthou hou lank ek al in Joe Slovo woon nie. Dit is 'n baie lang tyd,” sê Dyantyi, wat saam met sy 67-jarige vrou Nomfuneko en hulle kleinkinders woon. “Ek was altyd bekommerd dat my besittings tot as sal verbrand omdat daar so baie brande in hierdie informele huise ontstaan. Ek bly nou al vir baie jare hier en het al amper moed opgegee dat ek ooit my eie huis sal kry,” het hy gesê.

“Noudat ek my eie huis het, sal ek elektrisiteit hê en ek kan my Bybel lees en na my gunstelingradioprogramme luister sonder om 'n geraas te maak wat my dogter en kleinkinders sal pla,” het Dyantyi gesê.

Die ontvangers van nuwe huise se ouderdomme het van 40 tot 70 jaar gewissel. Die een-en-vyftig-jarige Mthandazo Gaqa, sy vrou Nozakhele en hulle vyf kinders, vier seuns en 'n dogter, is van diegene wat Donderdag breed geglimlag het. Hulle woon reeds vir meer as 15 jaar in 'n informele huis. Die lang wag het tot 'n einde gekom toe hulle hul splinternuwe woonstel in Joe Slovo ontvang het. Sy gesin is van 'n ander seksie van die nedersetting hervestig om plek te maak vir die nuwe ontwikkeling.

Daar is tot dusver 'n totaal van 14 000 wooneenhede as deel van die N2 Gateway-ontwikkeling voltooi wat 'n positiewe uitwerking op gebiede soos Langa, Gugulethu en Delft gehad het. Zuma het die gemeenskap beloof dat die regering daarna sal streef om die oorblywende 6 000 eenhede ten minste voor die einde van hul termyn in 2019 te voltooi. Hy het ook onderneem dat die verskeie regeringsafdelings saam met die geaffekteerde gemeenskappe sal werk om hul probleme aan te spreek.



human settlements

Department:
Human Settlements
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vestig vennootskappe vir versnelde lewering van menslike nedersettings vir 1,5 miljoen behuisingsgeleenthede teen 2019